



Tog Gelowig

“Ek glo, kom my ongeloof te hulp.”

(Markus 9:24)

Twyfels

Daar hang 'n gees van twyfel in die lug. Ons postmoderne tyd ken nie meer so iets soos absolute waarhede wat vir almal geld nie. Ou sekerhede is omvergewerp. Die mens weet nie meer nie, as dit oor die dieperliggende vrae van die lewe gaan.

Ook ons het ons vrae. Ek dink aan 'n jongman wat aan 'n universiteit studeer en dan sy twyfel uitspreek: “Is die Bybel wel die woord van God?” Of die meisie, saam met wie daar Moslems in die klas is, wat dan soms dink: “Is die Christelike geloof werklik die ware geloof?” Of die broer met 'n druk program: “Ek sien so min van God. Bestaan Hy wel?” Of die ouer suster wat sê: “Ek twyfel nie of God bestaan nie, maar ek twyfel soms of ek waarlik glo en of God my wel aangeneem het.”

Hoe hanteer jy jou twyfel? Hierdie vraag raak ons almal direk. Dit gaan oor ons – ons geloof – of eintlik ons twyfel. Soms lê dit (geloof en twyfel) so naby aan mekaar. In die teks vind ons 'n vader wat sy geloof bely en in dieselfde asem dit ook oor sy ongeloof het.

Vertwyfeld

Vertwyfeld staan die vader voor Jesus. Sy seun is deur 'n beseerde gees, wat hom leed aandoen, besete. Niemand kon hom help nie. Selfs die leerlinge (dissipels) van Jesus kon niks doen nie. Met sy verdriet en wanhoop staan hy voor Jesus, met die uitroep: “As U iets kan doen, help ons!” Jy hoor hier die radeloosheid en vertwyfeling van die vader. Hy weet nie meer wat om te doen nie.

“As U kan...” Dit is 'n uitroep om hulp wat hier geuiter word. “As Hy alles kan doen, waarom help Hy my dan nie? Kán Hy my help?” Dit is die aanvegtinge van 'n gelowige: “Ek weet wel dat daar genade is, maar ek voel dit so anders...” Dít is die aanslae op jou geloof.

Appèl om te glo

“As U kan...” Bly dit daar vassteek?

Alle dinge is moontlik vir dié wat glo. Die vraag is nie of Jesus kán nie, maar of ú glo! By God is alle dinge moontlik. In Jesus is die krag van God teenwoordig. Dit kom neer op geloof. Aanvaar Hom as jou Here en Heiland. Moenie bly vassteek by wat jy self as moontlik beskou nie. Moenie bly vaskleef aan jou eie twyfels nie. Gee jou onvoorwaardelik oor aan Hom.

So is die woord van Jesus 'n uitnodiging om te glo. Dit is 'n dringende appèl. Alles is moontlik vir die wat glo.

Geloof en ongeloof

Die woord van Jesus deurbreek al die hindernisse van ongeloof.

Skielik roep die vader uit: “Ek glo!” Hy gee homself oor aan Jesus. Dán is daar geen uitstel en geen geredeneer meer nie. Hy glo; getref deur die woord van Jesus.

Juis dán ervaar hy hoe sterk die mag van sy ongeloof is. Dít is sy diepste nood. Daarmee moet hy eers gehelp word.

“Ek glo...” en in dieselfde asem, “kom my ongeloof te hulp.”

Ons moet nooit ons ongeloof en twyfel verswyg of verberg deur ons net besig te hou met dinge waaroor jy sogenaamd seker is nie. Jy mág met jou ongeloof en twyfel na Jesus toe kom. By Hom word dit bespreekbaar.

Hy is magtiger as die twyfel; dít mag ons sekerheid wees — tog gelowig!

Om te sê “Ek glo,” beteken nie om jousef op die bors te slaan, en daarmee te kenne te gee dat jou geloof só goed is dat jy nooit twyfel nie. Geloof beteken om jousef, met al jou twyfel, oor te gee aan Jesus; Hom om hulp te vra. Jy hoef nie self eers al jou twyfel te oorwin nie. Ten spyte van die baie vrae wat jy mag hê, gaan in elk geval na Jesus toe. Geloof beteken nie om op jousef te vertrou nie, maar om op Jesus te vertrou en van Hom alles te verwag.

Sekerheid

Wie het nog nooit getwyfel nie?

Die vraag is hoe ons met ons twyfel omgaan. Laat ons die twyfel met rus, of gaan ons daarmee na Jesus toe? Dán verander ons twyfel, want Hy het raad met ons twyfel.

Die meisie, wat Moslems in haar klas het, sê dan: “As ek bid weet ek wie Jesus is. Daarom weet ek dat die Christelike geloof waar is.”

Die jongman op universiteit sê: “Daar is baie dinge wat ek nie begryp nie. Ek het nog baie vrae, maar ek ervaar dat God deur die Bybel met my praat.”

Die besige sakeman sê dan: “Nou dat ek meer tyd aan God bestee, kry my geloof al meer lewe.”

Die ouer suster: “Wanneer ek op Jesus vertrou, kan ek nie daaraan twyfel of Hy my wel aangeneem het nie.”

“...tog gelowig.”

Dan kry ons egte sekerheid. ’n Sekerheid wat nie op onself gerig is nie, en selfs nie eers op ons geloof gerig is nie. Dié sekerheid is in Christus geleë.

Is daar dán nooit meer twyfels nie? Nee, as gelowige sal jy altyd te doen hê met aanvegtinge. Jy word soms in jou geloof geskud. Wanneer ons egter op Jesus bly vertrou, groei ons geloof deur die aanvegtinge heen.

Paulus sê in Romeine 8:

“Ek is versekerd. Ek is seker van Christus. Niks kan my van Sy liefde skei nie.”

Hy is sterker as ons twyfels. ’n Sekere wetel!

JJ Lof

© 2018

www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.